Sing vooraf staande: Psalm 146:8 (p. 701)

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir ons van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Skrifberyming 14-2 (nuut)

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;
Die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –
Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons voor God met Psalm 40:4 (p. 205)

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Skrifberyming 15-2:3 (38:3)

3 O, luister na My as Ek roep – / dit is die roepstem van die Gees.
Al wie 'n oor het, laat hom hoor / dat jy my bruidskerk weer kan wees.
Aan die oorwinnaar in die stryd / gee Ek die lewensvolle spys,
die altyd-nuwe vrugte van / die keurboom in Gods paradys.

Skriflesing: Lukas 13

Teks: Lukas 13:8, 9

Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan ons hom anderjaar uitkap. (Lukas 13:8, 9 AFR1953)

In die hoofstuk wat ek vir ons gelees het, gaan dit oor die verhouding tussen dood en roepingsvervulling.

Die Here kan ’n mens se lewe soms – uit ons oogpunt gesien – so vinnig beëindig.

- Daarom is elke oomblik in elke mens se lewe tyd vir besinning, want ons weet nie wanneer ons tyd hier afgesluit word nie.
- Ons moet die geloofspas in ons gemeenskap aangee.

Dit gaan dus oor roeping.

- Die Here demonstreer die saak van roeping met ’n vyeboom wat geplant is om vye te dra.
- En as hy nie vrugte gee nie, gaan die Here hom uitkap.

Het ons al gaan dink waarheen die Here met ons wil?

- Of gaan ons nou maar net sommer deur hierdie jaar rigtingloos en doelloos aan, of gaan doen maar net sommer iets om besig te wees?
- Dink ons ooit oor die genade van God dat Hy ons bevoorreg het om ons te laat kom tot waar ons is?

1. Agtergrond

Pontius Pilatus het die geld wat die Jode in die tempelkis betaal het, gaan uithaal en dit gebruik om die Jode se algemene belange daarmee uit te brei.

- Hy het die geld onder andere gebruik om die ou waterleiding van Siloam weer in orde te bring.
- Dit was vir die Jode ’n verskriklike sonde dat die Romeinse owerheid die dankoffers wat hulle aan die Here betaal het, sommer net kon vat en aardse geboue daarmee gaan oprig.

Hierdie gebeurtenis, en nog ander soortgelyke gebeurtenisse, het tot gevolg gehad dat die Jode begin beplan het om die juk van die Romeinse owerheid van hulle af te kry.

- Die mense wat die sterkste teen die Romeinse owerheid gekant was, was die Galileërs.
- Dit was nou mense wat in dieselfde provinsie gewoon het waarvandaan Jesus gekom het – Galilea.

Pontius Pilatus was ’n opregte Romein:

- Ongelowig, wreed en bloeddorstig.
- Hy het hierdie geleentheid nie laat verbygaan nie.
- Hy het hierdie mense met ongekende wreedheid begin vervolg en doodmaak.

2. Hoe die Jode straf en roepingsvervulling sien

In die gedeelte wat ons gelees het, kom daar mense na Jesus toe met die skokkende berig dat daar weer ontsettende bloedvergieting plaasgevind het op Pilatus se bevel.

- Die mense vertel aan Jesus dat ’n klompie Galileërs besig was om in die tempel te offer.
- Pilatus se soldate het die tempel binnegestorm en hierdie mense so gruwelik dood-geslaan dat hulle bloed en die bloed van die offerdiere saam oor die altaar gevloei het.

Dink nou net as dit ons tyd sou gebeur het, met hoeveel sensasie die beriggie die wêreld ingestuur sou gewees het.

- Maar die berig aan Jesus is nie heeltemal sonder sensasie nie.
- Die mense vertel dit op so ’n trant dat die mense Jesus wil waarsku dat Hy op sy hoede moet wees, want Hy is ook ’n Galileër.
- Sy lewe is ook in gevaar!

Die feit is dat die verhaal wat die mense vertel, en die waarskuwing wat hulle tot die Here rig, net ’n rookskerm is.

- Daar was iets anders in hulle gedagtes wat vir hulle baie belangriker was.
- Hulle het geworstel met die vraag of dit juis ’n straf van God was wat hierdie Galileërs getref het.

En hulle wou weet of hierdie mense groter sondaars as die ander mense was omdat hulle soveel wreder gesterf het as ander mense.

- Dit gaan dus inderdaad oor die vrug wat hierdie mense gelewer het tydens hulle lewens.

Waarom pla sulke dinge nou die Jode?

- Die Jode het mos geglo dat rampe net sondaars tref.
- En nou is die saak meteens baie moeilik vir hulle, want hierdie Galileërs was dan besig om die Here met offers te dien.
- Waarom moes hulle dan so wreed sterf?

Hierdie doodsberig het die Here Jesus weer laat dink aan die dood van die agtien mense op wie die toring van Siloam geval het. Was hulle dan die grootste sondaars in Jerusalem?

- Op al twee hierdie doodsberigte sê Jesus: Nee, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.
- Kyk wat sê die Here eintlik! Hy sê dat die dood net ’n ramp is vir mense wat nie tot bekering wil kom nie en wat dus inderdaad onbekeerlik bly.

Daarmee lê Jesus ’n verband tussen jou lewe, jou roeping en jou dood.

- Mense wat nie geloofsvrugte lewer nie, sterf om in die hiernamaals nie by God te wees nie.
- Die Here gaan hulle dus verwyder – soos die onvrugbare vyeboom.

Die klem lê dus glad nie op die manier (die hoe) van jou dood nie.

- Die klem val op wat van jou gaan word na jou dood.
- Want as ’n onbekeerlike mens doodgaan, is hy in die hel.
- Die vrugte van sy lewe bepaal dus sy bestemming na sy dood!
- En dit is waaroor dit gaan.

Al het hierdie Galileërs wreed gesterf, die wreedheid van hulle dood bepaal nie hulle saligheid nie. Die belangrike saak waaroor dit gaan, is dat ons tydens ons aardse lewens al baie deeglik moet aandag gee aan die vrugte wat ons lewens voortbring. Die rede is dat die vrugte wat ons op die aarde voortbring, reeds 'n voorspel is daarvan of ons in die hiernamaals toegewyde kinders van God sal wees.

3. God en die onvrugbare lewe

Omdat die mense hierdie saak nie goed verstaan nie, vertel die Here die gelykenis van die onvrugbare vyeboom.

- In hierdie tyd het die Jode geglo dat dit sonde is om ’n vyeboom uit te kap.
- Die Fariseërs het ook ’n wet gemaak dat ’n vyeboom net uitgekap mag word as dit vir drie jaar lank geen vrugte gedra het nie.

Nou vertel die Here Jesus van ’n man wat so ’n vyeboom in sy wingerd gehad het.

- Die wingerd is ook nie die regte plek om ’n vyeboom te plant nie, maar hierdie man was bereid om sy druiwestokke skade te laat ly, as die vyeboom net dra.
- Nou het die vyeboom vir drie jaar niks gedra nie en hy moet uitgekap word.
- Hy maak nou net die grond vir die druiwestokke onvrugbaar.

Die tuinier het egter nie saamgestem nie.

- Hy pleit vir die boom.

- Hy wil nog een jaar kans hê om die boom te versorg, om te sien of daar nie dalk verbetering kom nie.

Die oproep in hierdie gelykenis is dat elkeen wat dit hoor, hom moet bekeer voordat dit te laat is.

- Om uit dankbaarheid vrugte te gee terwyl God ons versorg.
- Hierdie gelykenis wil hê dat elke mens moet besef dat die genadetyd maar baie kort is, en dat ons ons behoud moet soek in bekering en 'n lewe wat by God pas.

Het ons deur ons lewe tot nou toe werklik die vrugte gegee wat God van ons gevra het?

- Onthou net, die Here is nie 'n God wat verwyt oor dit wat agter jou lê nie.
- Wanneer jy regtig berou het, en die Here vir vergewing gaan vra het, gee Hy dit.
- Jy moet dan net vorentoe reg lewe.

Die Here stuur ons in elk geval nou nog verder die lewe in en Hy verwag van elkeen van ons dat ons vrugte van bekering en van roepingsvervulling gaan dra.

- Vrugte van bekering en van verantwoordelikheid getuig van dankbaarheid teenoor die Here, en van bekering tot Hom.
- Die Here sê vir ons ook: Pasop, die oordeel van die Here kom nie net oor gruweldade nie, maar veral oor onvrugbare lewens.

Dit was byvoorbeeld waarom die Here die Jode aan die Romeine en ook vyf eeue vroeër aan die Babiloniërs onderwerp het.

- Dit was omdat hulle ongelowig geword het – dus: geloofsonvrugbaar.
- Daarom het Hy hulle op hierdie manier gestraf.

Die Here wil nie hê dat ons ons moet moegmaak oor ander mense se dinge en oor hoe hulle hulle roeping mis, soos wat die Jode wat wou weet of die Galileërs sulke groot sondaars was in die Here se oë of nie.

- Die Here sê met hierdie deel baie persoonlik vir jou: Ek gaan tussen jou blare kom deursoek na jou vrugte.
- Ek wil weet wat jy van jou roeping maak.

Die punt van vergelyking in hierdie lewe is bloot en eenvoudig dat God nie onvrugbare lewens duld nie.

- Die gedeelte praat van baie genade wat die Here het.
- Die Tuinier is die Here Jesus Christus wat vir ons voorspraak doen.
- Die Here is baie lankmoedig – Hy laat selfs sy Seun aan die kruis sterf sodat ons tot die ware geloof kan kom en ons lewens vrugbaar maak omdat ons wedergebore is.

Hoe lyk iemand wat deur die Here as vrugbaar in sy geloof en sy lewe beskou word?

- Laat dit dadelik gesê word: Dis nie iemand wat bid vir bekering, maar in sy hart nie daarin belangstel nie.
- Dis 'n mens wat baie naby aan die Here lewe.
    - Sy werk is ook sy godsdiens.
    - Sy toekomsbeplanning is ook sy godsdiens.
    - Die styl waarop hy sy lewe beplan en voorberei, is van so 'n aard dat dit duidelik is dat dit die Here se saak is.

Kom ons maak ons binnekamerlewe die hoogste prioriteit.

- Bid en lees die Woord van God by elke geleentheid wat dit moontlik is.

- God laat niemand in die steek wat met verantwoordelikheid glo, beplan en werk nie.

Weet dat die Here altyd daar is om ons te lei met sy Heilige Gees. Nie net in krisistye nie – altyd.

Hierdie gedeelte het ook – soos die ander dinge in die Bybel – ’n bepaalde ontwikkeling.

- Die gelykenis word in ’n sekere sin ’n werklikheid die oomblik wanneer die Here kom. Dis die dag van oordeel.
- Hoe gaan die Here ons kry op daardie dag? Wat gaan ons vir die Here sê as Hy kyk wat ons van ons lewensroeping gemaak het?
- Dis mos ’n oomblik wanneer mens nie kan lieg nie, want jou dade lê skerp ontdek voor jou en die Here!

Terwyl die Here ons na vandag weer vir die week in die lewe instuur, moet ons die lewe met nuwe moed aanpak.

- Maak Jesus Christus die fondament van jou lewe en leef vrugbaar vir die Here.
- Gryp die genade wat God ons gee, aan, en vertroetel dit.
- Weet dat die Here elke tree saam met jou gee.
- Anders mag dit net wees dat ons as bome al uitgekap gaan word uit God se koninkryk terwyl ons eintlik nog in die vrugtedra-tyd was.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:5 (24:5)

5 Nou bring die tyd in volheidskringe / die vrug van Gods geheimenis –
tot Christus Hoof van alle dinge / op aarde en in die hemel is.
In hom is dit dat ons verkry het / die erfdeel ons verordineer,
wat God se wil ons voorberei het, / die wil wat alles hier regeer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by ons almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 13 Maart 2011